

7 Mei

Efesiërs 6:10-20 (6:11)

### ***Die wapenrusting van God***

Ons stryd teen Satan is inderdaad 'n baie ongelyke stryd. Satan is magtig. Hy het 'n duisternis bose geeste wat hom bystaan - almal magtige geestelike wesens. Satan en hierdie bose geeste is wêreldheersers. En ons is nietige mensies. Buitendien is ons vol sonde met bose begeertes en drange. Dit is vir Satan so maklik om vatkans aan ons te kry.

Die groot genade wat God aan jou bewys is egter dit: Hy het aan jou 'n wapenrusting gegee waarmee jy teen Satan en sy magte weerstand kan bied. Jy kan Satan selfs daarmee op die vlug laat slaan (Jak 4:7). Al is jy ook 'n swak, sondige mens, maak God jou weerbaar teen die gedugte vyand.

Satan kan jou nie mislei nie. Seker een van die wonderlikste gawes uit God se hand is die insig in die waarheid wat Hy skenk. Jy kan met die grootste vrymoedigheid veg. Elke mens wat in Christus glo, is vrygespreek van sondes (Heb. 10:19-22). Ons het die opdrag om deur ons getuienis en verkondiging die Evangelie van Jesus Christus uit te dra. Hoe meer jy dit doen, hoe vaster staan jy in die stryd. Verder het jy geloof waarmee jy elke venynige aanslag van Satan kan afweer. Jy is 'n gemotiveerde soldaat van Jesus Christus. Selfs in die swaarste aanvegtinge weet jy jy is verlos (Job 19:25).

Seker die belangrikste voorreg wat jy het in jou stryd teen die Bose is die gebed. Die gebed van die gelowige het 'n kragtige uitwerking (Jak 5:16). Dit maak nie saak waar en wanneer jy met Satan slaags raak nie; jy het direkte toegang tot die troon van God.

Is jy 'n weerlose pion wat Satan na willekeur op die skaakbord van die lewe kan rondskuif? Nee! God stel jou in staat om weerstand te bied en elke keer as oorwinnaar uit die stryd te tree (Rom. 8:32).

Ds. A.P.C. Duvenage (Emeritus)